Ander vye wat ook geskik is vir Bonsai is die Ficus ingens, Ficus salicifolia, Ficus sycomorus en die Ficus sur.

2. KWEEK VAN VYE AS BONSAI:

Vye groei maklik van steggies maar sy groeiwyse in die natuur maak dit nie baie geskik om ou bome uit die veld te haal nie. Vir my is die kweek van 'n steggie om 'n boom te vorm so goed asof ek 'n boom in die natuur terug plaas. Saad kan ook gebruik word maar dit neem natuurlik langer om 'n Bonsai te maak. Die vinnige groei van die Ficus natalensis maak dat dit binne 'n kort tydjie al 'n goeie Bonsai kan word. Die wildevy verleen homself ook goed tot enting. Wanneer 'n tak of 'n wortel benodig word kan dit aan die stam geënt word.

3. SNOEI:

Aangesien hierdie bome vinnig groei is dit nodig om meer dikwels te snoei om te verhinder dat die boom lang kaal takke kry.

4. WORTELS:

Die deel van die boom wat gewoonlik nie te sien is nie maar tog noodsaaklik is vir die lewe van die boom, is die wortelstelsel. As al die wortels van 'n boom in die veld blootgelê sou word, sal dit sterf. Gelukkig is die wortels van die Wildevy baie sterk en kan die boom op 'n klip geplant word sodat die wortels oor die klip groei tot in die grond.

5. RYP:

Die wildevy is gevoelig vir ryp en moet in die winter onderdak gehou word in gebiede wat ryp kry.

DIE PIERNEEF- EN PLATKROONSTYL
CHARLES CERONIO

INLEIDING:

Ten spyte van die geografiese verskeidenheid van Afrika is daar tog heelwat gemeenskaplikhede in hierdie groot kontinent waarin ons 'n plekkie het. Afrika is 'n derde wêreld waar periodieke droogtes verwoesting teen mens en dier saai. Die plantegroei is dus besonder gehard en goed aangepas om in hierdie strawwe klimaatstoestande te kan oorleef.

Die Akasia is een van die plantspesies wat met Afrika geassosieer word en wat in groot verskeidenheid van groeiwyses en vorm reg oor Afrika voorkom. As ek my oë sou sluit en in 'n staat van "watsi" en "sabi" sou verkeer en 'n tipiese Afrika toneel voor my geestesoog oproep, dan sien ek, kameeldoringbome in die Kalahari, sambreelvormige haak-en-steekdoringbome waar die Kameelperde die toppe afvreet, met Wildebeeste en Sebras wat in hul duisendtalle stofwolke ooptrap in hul speelse baldadigheid.

Hierdie sambreelvormige bome word die Pierneefstyl genoem. In ons Suidelike Afrika word die Pierneefstyl, behalwe die voorbeeld van kameeldoringbome in die Kalahari en die soetdorings in die Karoo en Vrystaat, hoofsaaklik met die Bosveld geassosieer. Die Akasia is dus onlosmaaklik deel van Afrika en die oop sambreelvorm kom nêrens elders in die wêreld voor nie. Geen wonder dat ons gevierde skilder Hendrik Jacob Pierneef dit so dikwels op die seildoek verewig het nie. Dit is dus ook gepas dat ons hierdie tipiese boomvorm van Afrika sal naboots en dat ons as Bonsai kunstenaars dit 'n ereplek in ons Bonsai versameling sal gee.